Preek, Ds Freddie Schoeman
Sondag 15 Maart 2009

REEKS: VERBAN JOU VRESE (3/5)

Verban jou vrees vir die toekoms

Die toekoms is iets wat baie mense fassineer. As ons byvoorbeeld kyk na die konstante gewildheid van dinge soos "die sterre voorspel", mense wat teeblare lees, of handpalms. Koerante en tydskrifte het gereeld, gewoonlik so met die draai van die jaar, artikels oor wat moontlik die jaar kan gebeur. Mense soos Nostradamus en Siener van Rensburg se uitsprake en geskrifte word naarstigtelik bestudeer. Ekonome probeer die wisselkoers en die rentekoers voorspel en die geheimenisse van die finansiële siklusse uitlê. Maatskappye doen langtermyn toekomsbeplanning en bou allerhande scenario's oor wat moontlik in die toekoms kan gebeur.

Die rede waarom baie mense so behep is met die toekoms is, is eerstens omdat dit een van die grootste onbekendes is wat ons almal op die een of ander manier raak – juis daarom het die toekoms die vermoë om ons met vrees te vervul – Wat gaan met ons gebeur? Wat hou die toekoms vir ons in? Wat gaan die ekonomie maak? Wat gaan met ons gebeur wanneer Zuma president word? Omdat die toekoms onseker is en omdat ons almal op pad is na die toekoms maak dit ons bang.

Vir ons as gelowiges is dit natuurlik baie belangrik om te hoor wat die Bybel hieroor sê. Een van die belangrikste uitsprake in die Bybel oor die toekoms kry ons in die baie bekende Jakobus 4:13-17

13 Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan
en ’n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.” 14 Julle wat nie eers
weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar ’n damp wat ’n oomblik
verskyn en sommer weer verdwyn.
15 Julle moet eerder sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat
doen.” 16 Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke
grootpratery is verkeerd. 17 As iemand weet wat die regte ding is om te doen
en hy doen dit nie, is dit sonde.

Daar is 'n paar dinge waarop ons moet let:

Die eerste belangrike dink wat hierdie verse vir ons leer is dat die toekoms in God se hande is. Dis nie in die hande van Nostradamus of Siener van Rensburg of die tannie wat die teeblare / handpalms lees nie. Dis ook nie in die hande van die mense wat die sterre voorspel in die tydskrifte opstel nie. Dis ook nie in die hande van professionele toekomskundiges nie. Hulle kan wel ingeligte projeksies maak oor die toekoms – maar slegs op grond van inligting wat voorhande is – dieselfde met weervoorspellings.

Gesien in die lig van hierdie feit – is dit belangrik dat ons ons sal weerhou van drie moontlik foute:

- Om sonder God te beplan
- Om arrogant en grootpraterig te wees.
- Om te dink dat jy nog lank gaan lewe.

1. Om sonder God te beplan

In vers 13 het ons te doen met 'n aantal sakemanne wat besig is om te beplan. Hoor wat sê hulle: *“Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en ’n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.”*

Is daar enigsins sprake van God in hierdie beplanning? Baie duidelik: nee. Hulle laat God heeltemal buite berekening! Hulle gaan die toekoms, baie selfversekerd, sonder God tegemoet.

Vraag: is beplanning verkeerd? Antwoord: nee. Beplanning is nodig, beplanning is die verantwoordelike ding om te doen. Die Bybel verbied nie beplanning nie. Een van die grootste leemtes in ons gemeente se mondering op die oomblik is dat ons nie 'n goeie medium tot langtermyn beplanning in plek het nie. Baie mense vergeestelik hierdie saak erg: ons gaan maar waar die Gees ons lei en daarom beplan ons nie. Dis soos om nie voor te berei vir 'n preek nie!

Maar: moenie beplan sonder om God in berekening te bring nie. Daarom moet enige beplanningsessie eintlik 'n luistersessie te wees. Wanneer ons na die toekoms kyk, moet ons luister na wat God vir ons in sy Woord sê, ons moet luister na wat God vir ons sê deur mede-gelowiges, en ons moet luister na wat God vir ons deur ons omstandighede sê.

Ons is geneig om God buite berekening te laat. Dis die siekte van ons tyd: mense leef sonder God – praktiserende ateïste.

Alexander Solzhenitsyn: baie mense het oor 'n tydperk van vyftig jaar baie studies gedoen, hyself ingesluit, oor die oorsake van die Russiese Rewolusie wat sowat sestig miljoen Russe ingesluk het. Uiteindelik kan 'n mense, volgens hom, dit een kort frase saamvat: "Mense het God vergeet". En dan gaan hy voort deur te sê dat hierdie woorde eintlik oor die hele twintigste eeu tot vandag toe geskryf kan staan.

Dis die siekte van die moderne era. Ons is wel nou besig om 'n nuwe era in te gaan, die postmoderne era waar daar 'n nuwe belangstelling in God is.

Tog sal ons lank aan die siekte van die moderne era lei.

Daarom: wanneer ons beplan, moet God 'n integrale deel van ons plan wees, en moet ons die woorde van die Spreukeboek (Spreuke 16:9) ter harte neem:

9 ’n Mens beplan sy pad,
maar die Here bepaal
hoe hy loop.

Die eerste manier om die vrees vir die toekoms te verban is: loop saam met God die toekoms binne!

2. Om arrogant en grootpraterig te wees.

Ons doen dit wanneer ons nie mooi verstaan dat God in beheer van die toekoms is nie.

15 Julle moet eerder sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.” 16 Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd.

'n Groot stuk nederigheid is hier van pas.

Ons dagboeke gee vir ons 'n valse sekerheid dat ons in beheer van ons lewens is. Ons maak afsprake en kom dit met groot reëlmaat na en die een ding gebeur na die ander volgens ons dagboekskedule. Dit bring ons onder die indruk dat ons bepaal wat in ons lewens aangaan, ons bepaal wat gebeur en wanneer dit gebeur. Ons moet vir geen oomblik dit dink nie! Die feit dat baie dinge wel gebeur soos ons dit beplan – is 'n stuk genade, niks meer nie. In werklikheid het ons absoluut geen beheer oor hoe ons dag gaan ontwikkel nie. Dis die toppunt van arrogansie om enigsins te dink dat ons wel daaroor beheer het.

Maar hierin lê natuurlik ook 'n groot troos: ons het geen beheer nie – maar God het wel!

Tweede manier om vrees vir die toekoms te verban: Plaas jou lewe in God se hande! *Here, dankie dat my lewe in u hande is, en dat ek kan weet dat dit daar die veiligste is! Amen.*

3. Om te dink dat ons nog lank het om te lewe

Dis veral jonger mense, natuurlik, wat hierdie fout maak. Maar dis ook 'n fout wat ek by baie ouer mense opmerk. Ons dink dat ons nog baie tyd het om dinge te doen en reg te maak waar ons verbrou het. Maar ons maak 'n groot fout as ons dit dink want:

Julle is maar ’n damp wat ’n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. (Jakobus 4:14b)

Hierdie fout lei tot 'n siekte: die siekte van uitstel. Eintlik sê die Bybel dis meer as 'n siekte, dis 'n sonde:

17 As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde. (Jakobus 4:17)

Dit is 'n sonde om nie elke dag te fokus op die goeie nie – om nie elke daarop ingesteld te wees om die regte ding te doen nie.

12 Hulle sê: "Kom, hier is die wyn,
kom ons slaan die bier weg!
Môre sal soos vandag wees,
selfs nog baie beter."

(Jesaja 56:12)

'n Dwaas is hier aan die woord. Hy sê: moenie nou bekommerd wees oor die toekoms nie. Jy kan altyd more weer regmaak. Jy kan altyd more verantwoordelikheid neem vir jou lewe. Wees maar so bietjie onverskillig. Daar's nog baie tyd. More sal wees soos vandag. Leef met 'n volslae minagting vir die toekoms. Maak asof more nie eintlik belangrik is of selfs eers bestaan nie.

Dit is die manier waarop baie mense hulle vrese vir die toekoms besweer, is dit nie? Lewe 'n lang ruk so en kyk dan hoe jou vreesvlakke styg!

Die derde en die beste manier om ons vrees vir die toekoms te verban is om elke dag ons lewe te wy aan dit wat ewigheidswaarde het. Jesus sê dit baie duidelik in Matteus 6:31-33

31 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. 32 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Wanneer ons ons tyd en aandag en energie gee aan dit wat ewigheidswaarde het, naamlik God se plan om hierdie stukkende wêreld heel te maak, om sy koninkryk hier op aarde te vestig, wanneer ons ons lewens hiermee vol maak dan is daar nie meer plek vir vrees nie.

Hoe verban ons dus ons vrees vir die toekoms?

1. Die toekoms saam met die Here aan te durf

2. Jou toekoms in die hande van die Here te plaas

3. Jou lewe te wy aan dit wat ewigheidswaarde het